Jou sleutel tot sukses
Your key to success

Privaatsak, Birchleigh, 1621
Christoffelstraat, van Riebeeckpark, 1619
Tel: (011) 976 3038

E-pos: admin@jeugland.co.za
Webblad: www.jeugland.co.za

Covid-19 Maatreëls

GRAAD 10-11 Leerders / Ouers

1. Persoonlike/liggaamlike higiëne en sanitasie moet almal se top prioriteit wees voordat enige persoon skool toe kom en by aankoms tuis.
2. Leerders moet elke dag, die hele dag by die skool, 'n skoon masker dra. Maskers kan by die skool gekoop word wat die skool se logo op het.
3. Die skool se hekke sal 7:00 in die oggend oopgesluit word. Alle leerders moet voor 7:55 deur die hekke wees. Gr10-leerders gebruik slegs die fietshek en gr11-leerders slegs die voetgangershek langs die personeel se motorhek.
4. Leerders sal by die hek 'n infrarooi koorstoets en Covid-19 skandering ondergaan. Leerders met 'n koorsmeting hoër as 37.5 sal nie binne die skoolterrein toegelaat word nie.
5. Die eerste klok sal 7:55 lui. Leerders gaan dan direk na hul 1ste periode van die akademiese dag toe. Daar sal geen aantreeblad of registerperiode wees nie.
6. Die skooldag sal tot 14:30 duur. Graad 10 en-11 sal egter op GEEN dag gesamentlik by die skool wees nie. Een week sal gr. 10-leerders Maandag, Woensdag en Vrydag skool bywoon, terwyl gr. 11 dan die Dinsdag en Donderdag inkom. Die volgende week sal die twee grade bloot die dae omruil. Die week van 6 tot 10 Julie sal gr. 10 Maandag, Woensdag en Vrydag begin en gr. 11 Dinsdag en Donderdag.
7. Leerders moet elke dag op dieselfde plek in die klas sit soos deur die vakpersoneel aangewys is.
8. Die dae wanneer die grade nie by die skool is nie, moet gebruik word vir studie en om ander akademiese opdragte, soos dit deur die skool aan die leerders verkaf is, te doen.
9. Pouses sal die gr. 10-leerders na die A-veld palwiljoen en A-veld gaan. Gr. 11-leerders sal na die B-veld palwiljoen en B-veld gaan. Indien 'n leerder wil sit, moet hy/sy op die palwiljoen sit op die kolle wat daarvoor geverf is. Indien 'n leerder wil staan, doen hulle dit op die veld maar dis verpligtend dat daar ten alle tye 1.5 meter afstand tussen alle persone sal wees. Wanneer leerders eet, sal hulle dit nie in 'n groep doen nie, maar alleen verwyderd van mekaar omdat hulle maskers dan af is.
10. Die terrein moet totaal ontruim wees teen 15:30 om oppervlakontsmetting toe te laat.
11. Leerders se hande sal ontsmet word met aankoms/vertrek by elke klas. Leerders moet egter hul eie handontsmettingsmiddel saambring vir die res van die tyd. Leerders moet eerder te veel as te min ontsmet.
12. Leerders wat siek voel, moet by die huis bly en glad nie skool toe kom nie.
13. Leerders wat by die skool siek word, se ouers sal gekontak word en moet binne 30 minute gehaal word. Geen siek leerders sal tot die einde van die dag by die skool gehou kan word nie.
14. Leerders moet te alle tye sosiale afstand tussen mekaar handhaaf. Fisiese kontak word onder geen omstadighede toegelaat nie. Onderwysers gaan nie na leerders se tafels toe nie en leerders gaan nie na onderwysers of ander leerders se tafels toe nie.
15. Tasse, boeke en alle ander artikels, wat saam skool toe gebring word, bly te alle tye by leerder. Geen uitleen of skeiding van besittings word toegelaat nie.
16. Daar mag nooit meer as 5 leerders binne die kleedkamers wees nie. Hande sal met aankoms en vetrek ontsmet word. Vloeibare seep en papierhanddoeke is vir verpligte gebruik binne die kleedkamers aangebring.
17. Ouers wat die skool wil kontak, kan dit doen by 011 976 3038. Ouers kan ook 'n e-pos na admin@jeugland.co.za stuur indien hulle met die skool wil kommunikeer.
18. Geen besoekers of afsprake sal by die skool toegelaat word nie.

19. Vakpersoneel se e-posadresse sal aan die leerders voorsien word indien ouers met vakpersoneel direk wil skakel.
20. Alle sosiale-en buitemuurse aktiwiteite van die skool is vir nou afgeskaf. Kuiers en sosiale geleenthede tuis stel ons skool in gevaar. Leerders kan in aanraking kom met ander lede van die publiek (familie en vriende) wat later positief toets. Dit stel die leerders bloot, maar ook die hele skool.
21. Leerders kan met volle skooldrag of die skoolsweetpak (ou/nuwe weergawe) skool bywoon.
22. Alle voorkomsreëls geld en geen uitsonderings sal gemaak word nie.
23. Die procedure, as die leerders by die skool opdaag, is as volg:
    a. Leerders tree op die sypaadjie voor die skool aan op die strepe wat daarvoor aangebring is. Probeer om nie motors se verwarmers aan te skakel op pad skool toe nie, omdat dit inmeng met die akkuraatheid van die koorsmeting by die hek.
    b. Leerders se koors word by die hek geneem.
    c. Leerders se hande word ontsmet.
    d. Leerders word verwys na tafels waar hul voogpersoneel sit. Hier sal Covid-19 skandering en register geneem word.
    e. Leerders beweeg dan na die deel van die terrein wat vir hulle gereseveer is.
    f. Leerders beweeg na die 1ste periode van die dag wanneer die klok om 7:55 lui.
24. Die prosedure vir die gebruik van sluitkassies is as volg:
    a. Wanneer die leerder die sluitkassies nader, moet hy/sy oplet of daar reeds iemand is.
    b. Daar mag nooit 2 leerders langs mekaar staan om sluitkassies te gebruik nie. Staan in 'n ry, 1.5 meter uit mekaar uit en wag jou kans af om jou kassie te besoek.
    c. Daar word nie by die sluitkassies gekuier nie, beweeg dadelik weg om ander leerders die geleentheid te bied die om sluitkassies veilig te kan gebruik.
25. Wanneer die skool aan die einde van die dag uitkom, geld sosiale afstandreëls steeds. Groot getalle leerders beweeg hekke toe, maar hou steeds te alle tye jul afstand van mekaar. Moenie voor die skool saamdrom nie. Gebruik die merke op die sypaadjies om die skool om afstand te hou.

Byvoorbaat dank
Dr D Morris